

1 Februarie

Skrifgedeelte: Handeling 1:1-8 (NAV)
Fokusgedeelte: Handeling 1:8 (NAV)

God skenk ons die krag deur die Heilige Gees om sy getuies te wees

Daar word nogal baie gekla dat die kerk dood is en dat die kerk niks meer vir ons doen nie. Verskeie oplossings word aangebied om die kerk weer lewendig te kry, om die kerk weer op sy voete te kry en om dus die kerk weer aan die gang te kry. Dit alles is tevergeefs as die Gees nie in die kerk woon nie. Slegs deur die Heilige Gees lewe die kerk.

In vers 8 sê Christus hoe die lewende kerk lyk as Hy sê: “*Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees.*” Hierin is God se belofte opgesluit, dat die kerk krag sal ontvang om sy getuies te wees, omdat die Heilige Gees daarin woon. Hierdie belofte is vervul met die uitstorting van die Heilige Gees by Pinkster, deurdat die kerk met die Heilige Gees vervul is en daardeur ook die krag ontvang om God se getuies te wees (vgl. Hand. 2).

So wys vers 8 ons dat die kerk se kragbron die Heilige Gees is. Die Heilige Gees werk soos 'n dunamo deurdat Hy die Woord van God aan ons openbaar. Verder werk die Heilige Gees ook soos dunamiet, deurdat Hy ons vervul om die Woord van God met krag te verkondig sonder om te vrees. Dit maak nie saak in watter omstandighede ons onself mag bevind nie. Slegs onder die leiding van die Heilige Gees kan die kerk sy taak voltooi, waarsonder die kerk nie eintlik kan bestaan nie.

So leer God ons dat die evangelie in elke plek verkondig moet word. In jou tuisdorp sowel as in jou provinsie en Suid-Afrika en tot aan die uithoeke van die wêreld, want so is die wêreld die arbeidsveld waarin die Koninkryk van God opgerig moet word (vgl. Matt. 10:5-6).

As lewende lid van die kerk en as ligdraer van God ontvang ons elkeen ook die belofte en die opdrag van God. Hy rus ons deur sy Gees met krag toe om sy getuies te wees en na al die nasies toe te gaan en die mense sy dissipels te maak deur hulle te doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy ons beveel het. En onthou: Hy is by ons al die dae tot die voleinding van die wêreld (vgl. Matt. 28:19-20). Wees dus die draer van die kragbron wat God se Woord onder die nasies versprei.

Sing: Skrifberyming 11 (6-1):2

Ds. P Cilliers (Daniëlskuil/Delportshoop)